VERLENGDE INPERKING
HERDERSBRIEWE DEEL 2

10 JUNIE 2020
HERDERSBRIEF #28B

Geliefde gemeente,

Hierdie brief volg op die vorige twee briewe. Dit sal goed wees, indien u die twee vorige briewe in eenheid saam met hierdie brief lees.

Ons beleef tans 'n inperking – retreat – waartydens ons onsself gereedmaak – ***Open. 19:7*** **"SY VROU HET HAAR GEREED GEMAAK."** Elke brief glo ek, verdien om gelees te word, bestudeer te word, en vra ernstige bepeinsing en self-ondersoek. Omdat ons dit **ernstig** meen, dat daar eenheid sal wees tussen ons en Jesus Christus. Die mees ernstigste vraag wat ons onsself kan afvra, **is of daar wel eenheid is?** Ons besef tog seker, dat ***Open. 19:7*** strek verder dan saligheid. Dit gaan nie net om die feit, dat ons glo: Jesus ons gered het; ons Sy Gees ontvang het, en ons as Sy kinders gereken word nie. Dit gaan ook om die **BRUID VAN CHRISTUS**, en die feit dat die Bruid haarself gereedmaak. Hierdie gereedmaking het in Sy diepste wese, te make met ons verhouding met Jesus Christus.

Dit bring ons by ***1 Kron. 12:18 "Toe het die Gees Amásai, die hoof van die dertig, vervul, en hy het gesê: Vír u, Dawid, en mét u, seun van Isai, is ons. Vrede, vrede vir u, en vrede vir die wat u help, want u God help u! Daarop het Dawid hulle opgeneem en hulle aangestel as hoofde van die bende."*** Wat hier uitstaan is dat Amásai, na Dawid kom en homself vir Dawid gee. Tydens hierdie gebeure, is Dawid voortvlugtend. Daar word nie erkenning aan hom gegee nie. In vergelyking met al die konings rondom hom, is dit nou nie juis – in die fisiese wêreld – 'n geleentheid van feesviering nie. Dit spreek definitief nie van oorwinning nie. Amásai stel homself eintlik in gevaar, om 'n voortvlugtende in sy skuilplek te besoek – die spreekwoordelike **"funfair"** ontbreek. Nogtans, is dit ten opsigte van die geestelike wêreld, die grootste oorwinning denkbaar, omrede dit van **geloof** getuig.

**WAT WORD ALLES HIER AAN ONS VOORGEHOU?**

- Die feit dat, hierdie gebeure spreek van, dat Amásai se geestelike perspektief hom kwalifiseer.
- Die feit dat **HY VERVUL IS MET DIE GEES VAN GOD** – ons grootste behoefte in Suid-Afrika, en in kerke.
- Amásai het visie, hy het rigting en hy openbaar geloof wat God behaag – ***"sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag" – Heb. 11:6***. Weer eens spreek dit van die feit, dat hy met die Gees van God vervul is. Mense wat met die Gees van God vervul is: is nie met hulleself besig nie; hou hulle nie op met *"ditjies"* en *"datjies"* nie.
- Hy spreek 'n seën van **VREDE** uit, oor elkeen wie Dawid help.
- Hy het die perspektief om te verstaan, dit is eintlik God wat Dawid se leierskap en sy gesag bevestig.
- Hy gee homself **"VÍR Dawid"**.
- En hy verklaar homself as "**MÉT"** die seun van Isai.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Ek wil graag die volgende beklemtoon. Ons is nie net **MÉT 'N SAAK** nie, maar ons is ook **VÍR** die verloopstruktuur. Wat was Amásai se insig?

- Hy maak homself deel van die oorwinning.
- Hy maak homself deel van die verloopstruktuur, en as sodanig onderskryf en ondersteun hy, die profetiese rigting. Sodoende ondersteun hy die gesagsorde en die **BLOEDLYN VAN DIE KOMENDE MESSIAS**. Sy verwysing na die seun van Isai, getuig van verligte oë van die verstand.

Is ons **mét** die geestelike leiers en gee ons onsself **vír** die profetiese rigting, soos deur die Heilige Gees bepaal?

Seëngroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335